A black and white portrait of an elderly man with glasses, wearing a checkered shirt and a jacket. The portrait is centered and serves as the background for the text. There are decorative corner ornaments in the top-left, top-right, bottom-left, and bottom-right corners, and a decorative horizontal line with a diamond-shaped ornament in the center below the dates.

IN LIEFDEVOLLE HERINNERING

KOOS DELPOR

09 SEPTEMBER 1934 - 13 NOVEMBER 2025



Met hartseer groet ek vir
oulaas my liefste Koos na amper 66
jaar van saamwees.

Jou liefde vir God, Sy Skepping en ons
geliefde gesin sal my altyd bybly.

Jy het ons lewens verryk en diep spore
gelaat.

Ons gun jou die rus.

DIENSORDE

Verwelkoming en Bedanking
Marius Delpont

Huldeblyk
Dr. Koos Marais

Skriflesing en Boodskap

Ds. Servaas

Psalm 90–94

Hoofgedagte: Psalm 94:18–19

“... toe ek gedink het my voete gly, het U troue liefde my regop gehou, Here.

Toe ek met baie onrus in my binneste sit, het U vertroosting my tot rus gebring.”

Gemeentesang

“Nader my God by U” – Juanita du Plessis

Gebed



Ds. Servaas

Gemeentesang

“Die Onse Vader” - Juanita du Plessis

Na die Diens

Koffie, tee en ligte verversings sal bedien word.



HULDEBLYK



Koos Delport 1934–2025

Koos Delport, AFO se mees senior lid, is op 9 September 1934 op die plaas Kromdraai in die Vredefortkoepel gebore. Van kleins af het hy 'n fyn oog vir detail en vir die natuur gehad—'n gawe wat hy sy hele lewe sou koester. As jong man in Potchefstroom en later aan die Witwatersrand Tegniese Kollege werk hy hard genoeg om in 1957 sy eerste kamera te koop: 'n Yashica twee-en-'n-kwart-duim Twin Reflex vir die reuse som van twaalf pond. Dit sou die eerste tree wees in 'n roemryke loopbaan as amateurfotograaf.

Die jong Koos het gou besef fotografie is meer as net 'n stokperdjie. Hy koop donkerkamertoerusting in Upington, laat dit per spoor na Virginia vervoer, en begin sy eie films ontwikkel. Die proses betower hom. Die kuns van lig en tyd raak sy lewenspassie.

In daardie tyd vang nog iets anders sy oog: 'n mooi jong meisie, Katie, voormalige hoofmeisie van Virginia se Hentie Cilliers Hoërskool. Op 19 Desember 1959 trou hulle, en al verander die kameras van Yashica tot Asahi Pentax tot digitale tegnologie, bly Katie vir altyd.

Sy liefde vir die natuur en veral die Kalahari het in 1962 begin, toe hy en Francois Maré vir die eerste keer die lang grondpad na Twee Rivieren aandurf. Laat die aand, moeg en vol verwagting, staan Joep le Riche, die Parkhoof, skielik voor hulle. Hy maak self die hek oop, gee vir hulle 'n rondawel, en maak seker hulle word die hele week soos eregaste behandel. Dit was die begin van 'n lewenslange band met die Kalahari—'n landskap wat deel van Koos se siel sou word.



HULDEBLYK

Koos het later vriende geraak met beide Joep, Stoffel en Elias le Riche. Hy het gereeld in die park rondgery, vroegoggend met sy kamera, en wanneer hy ontbyt by 'n piekniekplek wou maak, het Stoffel soms eers die tafel vir hom skoongevee met sy eie hande. Al het Koos die uitsonderlike toestemming gehad om soms van die gebaande weë af te ry, het hy dit nooit misbruik nie. Toe 'n jong veldwagter hom een dag wel 'n boete van R50 gee, het hy dit stil en waardig betaal. Jare later, tydens 'n PSSA-kongres, het Elias le Riche voor 'n hele gehoor opgestaan, hom gelukkigwens en daardie R50 simbolies aan hom terugbetaal—'n erkenning aan 'n man wat vir dekades 'n ambassadeur vir die Kalahari was.

Koos se fotografie het hom ver en wyd geneem: Gorongosa in Mosambiek, Namibië se halfmensplante, Etosha se witwêreld. Daar was 'n dramatiese noodlanding op Kakamas en 'n nagvlug na Noordoeer wat iets van sy durf, uithou vermoë, en 'n onblusbare soeke na die perfekte beeld vertel. Terug op Lanseria, ná 'n rowwe landing, klim hy met 'n paar kosbare rolletjies film uit—“alles die moeite werd,” het hy altyd gesê.

By AFO het Koos sy tuiste gevind. Hy sluit in 1974 aan, dien vir jare op die bestuur, en word vier keer voorsitter. Hy lei die eerste drie AFO-salonne. Hy word in 1983 tot lewenslange erelid benoem en in 2000 as AFO se eerste Grootmeester vereer. Tot 2010 neem hy aktief elke maand deel, altyd met nederigheid, altyd bereid om te leer en te help.

Internasionaal het hy ook gespog: APSSA (1975), FPSSA (1977), MPSSA (2003), nog APSSA's en FPSSA's in monochroom en digitaal, en die gesogte 5th Star Nature van die PSA. Hy het 21 silwermedaljes verower—“Best of Show” in elke salon. In 1985 is hy aangewys as Agfa se Wildlewe Fotograaf van die Jaar. In 2001 ontvang hy die FIAP-honneurs van Europa. Maar vir Koos was die eerbewyse nooit die doel nie—dit was bloot byprodukte van 'n lewe gewy aan lig, land en liefde.

Sy grootste trots was sy rol in drie PSSA-kongresse, waarvan twee op Twee Rivieren aangebied is. Tydens een kongres lewer hy 'n volle dag se werkswinkel oor die Kalahari, voëls en soogdiere. Die gehoor staan spontaan op vir 'n staande applous—iets wat niemand wat daar was ooit vergeet het nie.



Vir Koos was sy foto's belangrik; maar sy mense was nóg belangriker. Hy het altyd gesê die diepste voetspore in sy lewe is dié van sy vriende. Met AFO het hy nie net 'n klub gehad nie, maar 'n familie. Hy het 'n generasie fotograawe gevorm, inspireer en bemoedig. Hy het die Kalahari oopgemaak vir honderde mense se oë—en harte.

Nou neem hy sy laaste reis. Maar sy nalatenskap leef voort in elke beeld wat hy geskep het, elke storie wat hy gedeel het, elke jong fotograaf wat hy aangemoedig het en elke hart wat hy aangeraak het.

Koos Delport: meester van lig, vriend van die Kalahari, en 'n ware gentleman.

Mag sy herinnering lank en helder voortsyn.

Koos Marais. Voorsitter AFO





Liewe Oupa

Die stilte wat Oupa agterlaat is groot.

Tog voel ons ook die vrede van Oupa se nalatenskap - 'n lewe geleef met doel, ongelooflike dissipline en 'n stille liefde.

Oupa was 'n ware natuurliefhebber. Oupa het ons geleer om nie net na die wêreld te kyk nie, maar dit raak te sien - die lig deur die bome, die voëls se sang, die forsheid van 'n olifant, die storie wat in elke landskap lê.

Oupa se kamera was altyd by hom, gereed om die mooi vas te vang wat ander sou miskyk. Oupa se fotos het nie net beelde vasgelê nie, dit het oomblikke, emosies en 'n groot respek vir die natuur vasgevang. Ons is vandag dankbaar vir al die fotos wat nou sakke vol herinneringe geword het.

Ons bewonder Oupa se gedissiplineerdheid- die manier waarop Oupa elke dag met toewyding benader het, hoe Oupa gewerk het, geleer het en geleef het.

Ons gaan Oupa baie mis.
Rus sag, Oupa.

Eliz-Mari du Plessis







Oupa Koos was 'n vaardige man, bekwaam in sy werk as ingenieur en fotograaf. Ek sal vir Oupa Koos onthou vir hoe deeglik hy was met alles, van sy netjiese tuin met die perfekte grasperk, tot die sortering van sy duisende fotos op sy rekenaar.


Oupa Koos se dissipline in alle aspekte van sy lewe staan uit in al my herinneringe van hom. Niks was halfhartig gedoen nie. Selfs wanneer Oupa Koos rugby gekyk het was die Springbok-span voor die tyd uitgeskryf op papier sodat hy goed ingelig kan wees van wat aangaan gedurende die wedstryd. Oupa Koos was 'n geseende man, met 91 gesonde jare, getrou aan Ouma Katie sy hele lewe. Mag ek soos Oupa Koos wees.

Prys die Here vir sy lewe, sy dood, en die hoop op sy finale opstanding in Christus eendag.

Liefde, Kobus









GEMEENTESANG

Nader my God, By U

Juanita du Plessis

Nader, my God, by U
Nader tot my

Net U genade Heer
Maak sondaars vry
Dan sal my lied steeds bly
Nader, my God, by U

Nader, my God, by U
Steeds nader

Nader, my God, by U
Nader tot my

Laat al my paaie Heer
Na U voete lei



Dan sal my lied steeds bly
Nader, my God, by U

Nader, my God, by U
Steeds nader

Dan sal my lied steeds bly
Nader, my God, by U

Nader, my God, by U
Steeds nader

Nader, my God, by U
Steeds nader



GEMEENTESANG

Die Onse Vader

Juanita du Plessis

Ons Vader wat woon
In die hemel
Geheilig sy
U naam



Laat U ryk kom
U wil geskied
Soos in die hemel
So ook op die aarde


Gee ons vandag ons dag se brood
En vergewe al ons skulde
Net soos ons vergewe
Dié wat teen ons sondig

Laat kom ons
Nie in die versoeking, maar verlos ons van die bose
Want U is die ryk
En die sterkte
En die Here

Vir ewig en ewig
Amen

Vir ewig en ewig
Amen





Baie dankie vir elke gebed, boodskap en teken van ondersteuning in hierdie tyd.

U liefde en teenwoordigheid het ons opreg getroos.

— Die Familie